

HOOFSTUK VI

SAMEVATTING

Afrikaans is onder die Germaanse kultuurtale die jongste. In meer as een opsig vertoon sy ontwikkelingsgeskiedenis fasette wat as nuut bestempel is, selfs as uitsonderlik, binne hierdie kring van verwante tale. Gevolglik het dit heelwat wetenskaplike en akademiese belangstelling gaande gemaak, nie alleen in ons eie land nie, maar ook in die buiteland, en by name in die stamverwante Nederland. Weetgierigheid aangaande die faktore wat sy ontwikkeling bepaal het, het tot navrae en ondersoek aanleiding gegee. Die antwoorde en resultate het egter laat blyk hoe wyd die meninge uiteenloop, en dit nieteenstaande die feit dat die evolusie hom in die volle daglig van die geskiedenis voltrek het.

As belangrikste faktore is genoem eksterne en interne kragte. Onder laasgenoemdes is veral analogie gereken wat deur die taal van die kinders en van die kromsprekende vreemdelinge in sy gelykmakende en groepvormende werking begunstig is; daarby kom nog seleksie en die gevolge van dialekvermenging wat ook in die rigting van gelykmaking en uitskakeling van bepaalde taalmiddele en -funksies aktief was; en verder is daar die vermoë van die taal om ten opsigte van sy eie en inheemse behoeftes verjongend en skeppend op te tree. As versamelnaam vir hierdie en soortgelyke kragte (gebreklike taaloordrag; aksentwerking; kontaminasie en volks-

etimologie; klanknabootsing en dergelike) is van die woord „spontane ontwikkeling” gebruik gemaak. Hierdie begrip kan miskien die beste op negatiewe manier omskrywe word. Dit bepaal die taalveranderinge wat nie onder die regstreekse invloed van vreemde tale ontstaan nie.

Die eksterne faktore vorm die ander groep, en ook hieronder is verskeie aangewys. Op sosiale gebied val die aanraking met vreemde tale die eerste op, hetsy dit die tale is van inboorlinge soos Hottentotte en Boesmans, hetsy van die slawe uit die binnelande van Afrika, van Madagaskar of uit die Ooste, hetsy van blanke verbytrekkendes of permanente nedersetters uit Europese lande. Natuurkundig moet gedink word aan die uitwerking van faktore soos 'n nuwe landstreek met 'n eie diere-ryk, 'n ander plantewêreld, 'n verskillende klimaat en bodemgesteldheid, wat alles op die koloniste se leefwyse beslissend moet inwerk. Voeg daarby ander uiterlike faktore soos van politieke, ekonomiese en kulturele aard (die trekke na die binneland, dunbevolktheid, swak onderwys- en verkeersgeriewe e.d.)

Onder hierdie groep het die vreemde tale die meeste aandag geniet en tot nog toe is dit die afdeling wat, as geheel gesien, die grondigste ondersoek is. Prof. Bosman het gedurende die afgelope drie dekades naas prof. Hesseling die wetenskaplike studie na die ontstaansprobleem oorheers. Hy het die eksterne en interne faktore probeer verbind deurdat hy die wissel- en samewerking van spontane ontwikkeling en Vreemdelinge-Hollands erken. Of dit sy oortuiging korrek weergee of net 'n uitvloeisel is van die polemiese aard waarin hy, as bestryder van dr. Hesseling, sy opvattinge moes aanbied,

weet ek nie, maar dr. Bosman se teorie wek die indruk dat hy gewillig is om besonder baie waarde aan Vreemdelinge-Hollands toe te ken. Nou is dit 'n vraag hoe die twee faktore teenmekaar afgeweg moet word. Dialekstudies tree al meer en meer op die voorgrond en verskaf ons belangrike nuwe insigte. Dit lê seker in die aard van hierdie soort ondersoek dat, solank die beoefening daarvan nuwe perspektiewe open, dit gaan gebeur dat „spontane ontwikkeling” sy aantal aanhangers nou sal sien toeneem, d.w.s. dat aan Vreemdelinge-Hollands welig minder waarde geheg gaan word as b.v. deur dr. Bosman. Die slinger swaai m.i. weer verder terug in die ander rigting. Dit mag dan later nodig word om die onderskeie terreine van die „spontane” faktore nader te ondersoek en elkeen se aandeel te toets. Hoe dit sy, alles dui daarop dat ons antwoorde op vele, allig selfs op die meeste, vrae nog steeds 'n voorlopige karakter dra, m.a.w. dat die interessante soektog nog aan die gang is . . . en tot deelname uitnooi. Dit laat 'n mens aan 'n uitspraak van Renan dink: „la certitude est rine horrible manie;” nogtans mag dit ons nie van die poësie van ons taak weghou nie.

A.P.B.